BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 9

Die doop met die Heilige Gees.

In les 8 het ons nader stilgestaan by die doop met die Heilige Gees. Ons het gesien dat dit niks anders beteken nie as om wedergebore te wees. Dit is die eerste gebeurtenis wanneer die Heilige Gees in jou kom woning maak. In les 9 wil ons nader kyk na die doop met die Heilige Gees. Is die doop met die Heilige Gees 'n eenmalige gebeurtenis [wedergeboorte], of is dit 'n 'second blessing' wat eers ná bekering en doop plaasvind? Anders gestel:

- Ontvang 'n mens die Heilige Gees eers nadat jy tot bekering gekom het en gedoop is?

Op die oog af lyk dit asof hierdie stelling korrek is [2:38-39; 8:4-17; 15:8-9; 19-1-7]. Dit is egter nie waar nie. Wanneer ons nader na die verskillende Skrifgedeeltes kyk, blyk dit anders om te wees, naamlik:

- Bekering/geloof met gesamentlike ontvangs van die Heilige Gees.

NB: wie met Bybelstudie besig is, moet altyd onthou dat die regte verstaan van die Woord aan twee beginsels vashou:

- Die Skrif verklaar homself. Dit beteken dat die hele Woord gebruik moet/kan word om 'n sekere gedeelte korrek te verklaar.
- Die agtergrond van 'n Skrifgedeelte en die verloop [ontwikkeling] van die boek, mag nie vergeet word nie.

Om die gedeeltes wat ons nou gaan behandel reg te verstaan, moet ons deurlopend kennisneem van die agtergrond van die boek Handelinge vanaf Pinkster. In die tweede plek moet ons vashou aan die kernvers, en dit is Jesus se woorde in hoofstuk 1:18 –

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom,
en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as die hele Judea
en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.

Wat Jesus hier as opdrag gee, gebeur vanaf Pinkster:

- 2:37-38: dit is net na Pinkster in Jerusalem.
- 8:1-17: die evangelie arriveer by die Samaritane.
- 15:8-9: die evangelie bereik die heidene.
- 19:1-7: Paulus verkondig die evangelie aan mense wat van Jesus gehoor het, maar Hom nie ken nie.

1. Die dissipels is op Pinkster met die Heilige Gees gedoop. Was hulle dan nie reeds wedergebore gelowiges nie? Waarom moes hulle weer met die Heilige Gees gedoop word?
   [Dink aan die volgende: hulle het twee tydperke beleef – die van Jesus en die van die Heilige Gees].

2. LEES Handelinge 2:38.

> *Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

Petrus praat met 'n skare wat diep getref is deur die gebeure van Pinkster en Petrus se preek. Daarom vra hulle aan die dissipels: *Wat moet ons doen, broeders*? Dit is belangrik om Petrus se antwoord reg te verstaan. Beteken sy antwoord dat hulle hul moet bekeer en laat doop, daarna sal hulle die Heilige Gees ontvang? Lees Petrus se antwoord in vers 38 noukeurig en verduidelik hoe u dit verstaan.

3. LEES Handelinge 8:4-17 [veral vers 14-17].

Hier word die evangelie aan die Samaritane verkondig. Ons moet onthou dat hulle nog "halwe" heidene was. Filippus doop, maar hulle ontvang die Heilige Gees eers daarna. Waarom daarna? Dit pas mos die verklaring: bekering en doop *sodat* hulle die Gees kan ontvang [15-17].

4. LEES Handelinge 15:8-9.

Hier word die evangelie oorgedra aan die heidene. Die doop met die Heilige Gees gaan die doop met die water vooraf. Waarom?

5. LEES Handelinge 19:1-7.

Hoe moet ons bekering en doop met die Heilige Gees in hierdie gedeelte verstaan?

6. LEES 1 Korintiërs 12:13 en 1 Johannes 3:9,24; 4:2.
Word alle gelowiges met die Heilige Gees gedoop?

7. LEES 1 Johannes 5:13.
Wat bring rus in die gemoed van 'n gelowige of die Heilige Gees werklik in Hom of haar is?

B. ANTWOORDE.

1. Inderdaad was hulle wedergebore gelowiges. Die Heilige Gees was ook by hulle volgens Johannes 20:22. Maar met Pinkster kom die Heilige Gees weer na hulle maar nou op 'n ander wyse en met iets anders. Hulle ontvang nou die krag as apostels wat hulle tevore nie gehad het nie. Daarmee saam kom Jesus weer na hulle in die Heilige Gees. By dit alles moet ons onthou dat die dissipels se posisie uniek is. Saam met Jesus staan hulle met die een voet in die bedeling voor die Heilige Gees en met Pinkster tree hulle oor in die bedeling van die Heilige Gees. Wat vir die dissipels in twee tydvakke geval het, val vir alle gelowiges deur die doop met die Heilige Gees saam in een.
2. Sommige groepe verklaar hierdie vers as eers bekering – daarna doop – sodat hulle met die Heilige Gees gedoop kan word. Maar wat staan werklik hier? Die mense se vraag kom net na Pinkster en Petrus se preek. Na hierdie ondervinding het die mense besef dat hulle nie kan voortgaan soos in die verlede nie. Hulle moet verander. Maar hoe? Daarom die vraag: wat moet ons doen? Petrus antwoord met 'n duidelike orde:
    - Bekeer julle!
    - Word gedoop in Jesus se Naam.
    - EN julle sal met die Heilige Gees gedoop word.

    Die EN in die oorspronklike taal, het nie 'n voorwaardelike funksie nie. Dan sou die “en” vertaal word met “sodat”:
    - *Bekeer julle en word gedoop sodat julle die Heilige Gees kan ontvang.*

    Petrus bedoel baie duidelik iets anders. Die rede vir die ontvangs van die Heilige Gees rus nie op die verdienste van die mense nie, maar op die belofte van God [vers 39] waaraan Hy getrou bly. Die orde is daarom nie:

Bekering – doop *sodat* julle die Heilige Gees ontvang nie,
maar:
bekering én doop én Heilige Gees as een gebeure.

3. Ons moet onthou dat bekering en geloof in die bybel, nie 'n skielike of eenmalige gebeurtenis is nie. Wat belangrik is, is die werkwoordsvorm wat deurgaans vir geloof/bekering gebruik word [vgl. vers 12]. Dit beklemtoon dat bekering 'n voortdurende proses is ['n worstel en groei proses]. Daarom ontvang hulle eers die Heilige Gees nadat Petrus en Johannes vir hulle gebid het. Maar dit was alles een gebeurtenis. Al hierdie dae saam was die dae van hulle bekering en doop met die Heilige Gees. Ook hier kan dus nie gepraat word van die doop met die Heilige Gees as 'n tweede seën nie, maar die gebeure van daardie dae as een gebeurtenis.
4. Hier het ons 'n Pinkster in die kleine. Ons moet onthou dat ons hier mense het wat nie in God glo nie. Waarom dan weer 'n Pinkster? Omdat God op hierdie manier wil openbaar dat die evangelie ook na die heidene moet gaan [vgl. ook Hand.10:44-48; 11:15-17]. Die geval van die Samaritane en die van Kornelius toon dus aan dat die doop met die Heilige Gees nie 'n tweede seën is nie. Dit toon wel aan dat die doop met die Heilige Gees en die wedergeboorte gelyktydig is.
5. Ook hier vind die doop met die Heilige Gees oënskynlik lank na gelowig-word [bekering] plaas. Die evangelie kom nie nou na Samaritane of heidene nie, maar wel na moontlike dissipels van Johannes die Doper. Hulle het al iets van Jesus gehoor – maar Hom nog nie geken nie. Daarom was hulle nie werklik gelowiges nie. Tog gaan hulle bekering gepaard met die doop in die Heilige Gees. Ook hierdie gedeelte is 'n Pinkster in die kleine.
6. Sonder enige twyfel. Dit is belangrik om te onthou dat salwing en doop met die Heilige Gees dieselfde is.
7. Johannes skryf aan 'n gemeente om hulle te verseker dat hulle die ewige lewe het, as hulle in Jesus glo. Wie dus bely dat hy in die Here Jesus glo, hoef nooit te twyfel of hy met die Heilige Gees gedoop is nie.

****